



Midstream College Pre-Primary Midlands Pre-Primary Midstream Ridge Pre-Primary

INGRYPINGSPROSES

Die doel van hierdie dokument is om eendersyds die skole se ingrypingsproses intern te dokumenteer en andersyds om die skole se voorkomende optrede en Leerderingrypingsproses aan die ouers te verduidelik.

Die skole staan onder 'n verpligting om enige gedrag / agterstande / probleme wat 'n kind openbaar (fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale ontwikkeling) aan te spreek met die leerder se ouers deur die Leerderingrypingsproses. Die skool bly egter 'n Opvoedkundige instansie en kan nie die funksie van 'n Terapeutiese instansie vervul nie.

In die proses vorm daar 'n Opvoedkundige driehoek deurdat die ouers wat die primêre versorger / opvoeder is tesame met die leerder en skool hande neem om in die beste belang van die leerder op te tree.

Die skool hanteer die ingryping eers op verskeie interne vlakke, maar kan ter enige tyd ook in hierdie proses gebruik maak van die skool se Paneel van kundiges afhangende van die graad van kompleksiteit of ernstigheid. Hierdie paneel bestaan uit:

- 'n Regskundige op die gebied van Skole aspekte asook Kinder aspekte (Wetgewing) – voorsitter
- 'n Maatskaplike / Forensiese kundige
- Die Eienaars van die skole
- Die Ontwikkelingsbestuur en/of Bedryfsbestuurder van die skole
- Die Skoolhoof van die betrokke skool
- Die Klasjuffrou van die betrokke skool
- Terapeute betrokke by die leerder.

Leerderingryping begin die dag wat die leerder die skooljaar begin, hetsy die leerder 'n nuwe leerder is en/of die leerder na 'n volgende ouderdom oorskuif. Die proses verloop kortliks soos volg:

1. Alle leerders word vir 'n periode van 6 weke kans gegun om aan te pas in die nuwe klas / skool omgewing waarna 'n **Basislyn**-evaluering gedoen word, om te bepaal waar die leerder se ontwikkeling teenoor sy / haar ouderdomsgepaste mylpale is (Taal, Getalbegrip, Sosiaal, Fisiese ontwikkeling, Emosioneel en Spesifieke uitvalle).
2. 'n Terugvoersessie word deur die Klasjuffrou met die ouers gehou om elke kind individueel te bespreek.
3. Indien daar reeds in die Basislyn-evaluasie kwellinge is, kan die Klasjuffrou die ouers versoek om:
 - 3.1. Eerstens vas te stel dat daar geen fisiese toestand is wat die oorsaak kan wees vir die leerder se onaanvaarbare gedrag / uitvalle nie. Hieronder tel veral die kind se vermoë om goed te kan sien, hoor of ander onsigbare / sigbare liggaamlike uitdagings.

INGRYPINGSPROSES

4. Indien verwysings na Terapeute gemaak word tydens die Basislyn-ouergesprek, word daar verwag dat die Terapeute se verslag van hul ondersoek / bevinding aan die skool verskaf sal word, sodat die Klasjuffrou 'n breër insig van die kind bekom en ons saam met die Terapeut kan werk op 'n professionele vlak, sodat die leerder die steun kry wat nodig is.
5. Die Onderwyseres is nie opgelei om terapie toe te pas nie, maar kan haar laat lei deur die inligting en begeleiding van die Terapeut om sover dit in belang van die groep is, die leerder te akkommodeer.
6. Indien die leerder se uitvalle / gedrag enige tyd deur die skooljaar onaanvaarbaar word, derhalwe ontwrigtend word van so aard dat dit die ander leerders se belang of die personeel se belang bedreig, tree die Klasjuffrou toe deur die ingrypingsproses.
7. Ouers en Klasjuffrou sal op 'n daaglikse basis gesels wanneer die leerders afgelaai word.
8. Ouers het 'n verpligting om die skool te laat weet indien sy / haar kind se situasie by die huis verander het sodat die skool die nodige hulp aan die kind kan bied as daar enige iets is wat die leerder se fisiese en emosionele welstand beïnvloed.
9. Die Klasjuffrou voltooi 'n Individuele leerder ingrypingsvorm vir die leerders waaroor sy bekommerd is, om vas te stel of daar 'n patroon is vir die onaanvaarbare gedrag / uitvalle.
10. Die Klasjuffrou sal sodra herhaalde onaanvaarbare gedrag / uitvalle voorkom dit formeel eskaleer na die Skoolhoof op 'n weeklikse basis. Informele raadgewing vind intussen plaas.
11. Die Skoolhoof sal toetree tot gesprekvoering / verwysing tesame met die Klasjuffrou en ouers afhangende van die ernstigheid / kompleksiteit van die gedrag / uitvalle.
12. Alle leerders wat verwys word of indien die Skoolhoof uit haar professionele posisie addisionele insette benodig, word by die leerderingryping twee weekliks op die Bedryfsbestuursvergadering van die skool bespreek waar die Eienaars, Skoolhoofde, Ontwikkelingsbestuurder en Bedryfsbestuurder sal besin oor optrede.
13. Hierdie Bestuursgroep sal bepaal watter optrede aanbeveel moet word hetsy verdere verwysings, sosiale-emosionele evaluasies en/of dit verwys na die Paneel van kundiges om te bepaal hoe die ingryping moet verloop.
14. Die skool sal die ouers inlig oor hulle verantwoordelikheid as ouers t.o.v. terapie en oerleiding om probleme, onaanvaarbare gedrag of uitvalle aan te spreek deur direkte gesprekke tussen die Klasjuffrou / ouer, Skoolhoof / ouer of enige lid van die Paneel van kundiges en ouers.
15. Daar is 'n verskeidenheid soort Terapeute, maar die skool vereis dat die Terapeute opgelei is (ten minste 'n honneurs of meesters kwalifikasie) en geregistreer is by die Raad vir Mediese Praktisyne of Raad van Maatskaplike Werkers. Alhoewel die skool oor 'n beperkte lys van Terapeute beskik, beveel ons niemand spesifiek aan nie.
16. 'n Terapeut sal 'n behandelingsplan opstel wat gestruktureerd is, veral waar gedrag en spel terapie benodig word.
17. Indien verwysings na Terapeute gemaak word, word daar verwag dat die Terapeute se verslag van hul ondersoek / bevinding aan die skool verskaf sal word.
18. Sodra 'n leerder met ingryping en/of terapie begin, word daar vorderingsvergaderings gehou soos nodig. Die basis van die vergaderings is die Terapeutverslag en vordering daarteenoor. Die vergadering kan of tussen die ouers en

INGRYPINGSPROSES

skool wees en/of die Terapeute ook insluit. Die skool verkies dat die Terapeute teenwoordig is en/of om ten minste telefoniese toegang tot die Terapeute te hê. Die frekwensie van die vergaderings word tydens die eerste vergadering tussen die ouers en skool vasgestel, maar maak sin dat dit ten minste een keer per kwartaal sal plaasvind.

19. Die skool het elke kwartaal bo-en-behalwe spesifieke leerderingrypings-vergaderings, individuele vorderingsvergaderings met leerders se ouers om hul op hoogte te hou van hul kind se fisiese, kognitiewe, emosionele, sosiale ontwikkeling en om onaanvaarbare gedrag / uitvalle te bespreek.
20. Die skool gee ook amptelike vorderingsverslae twee keer per jaar (Junie & November) aan die ouers en bespreek hul kind se vordering deur individuele ouergesprekke.
21. Die ouers kan ook ter enige tyd 'n afspraak met of die Klasjuffrou of Skoolhoof maak om kwessies te bespreek.
22. Indien die ouers nie hulle samewerking bied tydens die proses nie en/of hulpverlening bied aan hulle kind nie, is die skool onder verpligting om die potensiële verwaarlosing aan te meld by die skool se Maatskaplike werker of Welsyn organisasie. Hierdie drastiese optrede sal plaasvind in oorleg met die skool se Paneel van kundiges.
23. Die skool behou die reg voor dat indien 'n leerder weens onaanvaarbare gedrag / uitvalle inbreuk maak op die regte van 'n ander leerder of opvoeder om 'n observasie verslag op te stel wat aan die ouers beskikbaar gestel sal word indien nodig.
24. Indien die skool 'n wesenlike vermoede het, dat 'n kind verwaarloos word, sal die skool eerste met die ouers kommunikeer en as die ouers nie saamwerk nie of gehoor gee aan die skool se versoeke nie, behou die skool die reg voor om dit by 'n geregistreerde Maatskaplike werker aan te meld.
25. Indien ouers nie toetree tot die terapeutiese behandeling van sy eie leerder nie, sodat daar 'n wesenlike verbetering sigbaar is in die onaanvaarbare gedrag / uitvalle en/of die ingrypingsproses geen verbetering te weeg bring nie, kan die skool bepaal dat:
 - 25.1. Een leerder se belang minder belangrik as die groep se belang word en derhalwe is die skool nie meer bereid om die *loco parentis*¹-verantwoordelikheid teenoor die leerder na te kom nie.
 - 25.2. Indien daar oorgegaan word na hierdie stap sal die ouer(s) sewe (7) dae gegun word om 'n alternatiewe heenkome te vind.

¹ **Loco parentis**, Latyns vir "in die plek van 'n ouer" en verwys na die regsverantwoordelikheid van 'n persoon of organisasie om sommige van die funksies en verantwoordelikhede van 'n ouer te hanteer.